60 JAAR

HOËRSKOOL CENTURION

SELBOURNELAAN, LYTTELTON, CENTURION. GPS: GPS: S 25: 49' 48.3" / E 28: 11' 57.0"
TEL: (012) 664 5803 FAKS: (012) 664 7969 INFO@HSCENTURION.CO.ZA WWW.HSCENTURION.CO.ZA

28 November 2018

Geagte Ouers

Noudat die eksamen einde toe staan, wil ons graag die volgende belangrike inligting met u deel:

1. Afhaal van rapporte:

   Alle rapporte kan op 12 Desember 2018 vanaf 07:30 tot 09:00 by u kind se betrokke registerpersoneellid afgehaal word. Maak asseblief seker dat ALLE uitstaande handboeke ingehandig word aangesien u kind dit eers sal moet gaan haal voordat ons sy/haar akademiese jaar sal kan afsluit.

   Geen rapporte kan voor hierdie datum uitgereik word nie, aangesien promosies eers deur die departement goedgekeur moet word.

   As u reeds weg is met vakansie kan u skriftelik 'n reëling met me. Van Staden (Gr.10 en 11) of me. King (Gr. 8 en 9) tref, om te verseker dat u u kind se rapport ontvang.

2. Besigtiging van antwoordstelle:

   Leerders sal op 12 Desember 2018 vanaf 09:00 – 11:00 toegelaat word om insae in hul eksamenantwoordstelle te hê en hul punte te kontroleer. Vakpersoneel sal gedurende hierdie tyd in hul klaslokale beskikbaar wees. Daar is wel personeel wat afwesig is as gevolg van die nasien van die Gr.12 Nasionale Senior Sertifikaat Eksamen. 'n Kollega in dieselfde akademiese departement sal vir hulle instaan. (Sien asseblief onderstaande lys.)

   Ons glo dat hierdie 'n deursigtige proses in belang van u kind is en hy/sy is baie welkom om van hierdie geleentheid gebruik te maak.

Vriendelike groete.

MEV. R.J. VAN STADEN
ADJUNKHOOF: AKADEMIE

MNR. H.J. KOEKEMOER
HOOF

Plaasvervangers vir personeel wat die Gr. 12-eindeksamen nasien

Personeel afwesig	Plaasvervanger	Lokaal
Me. L. van Zijl	Me. J. van der Merwe	T7
Me. R. Heyns	Me. E. Kellerman	T19
Mnr. J. Nagel	Me. A. van Rooyen	K30
Mnr. D. Barnard	Me. R. Vermeulen	K3
Mnr. J. Prinsloo	Mnr. J.P. du Plessis	T24
Mnr. S. Ernst	Mnr. J. le Roux	T13
Me. J. van Wyk	Me. M. Bothma	T3
Me. E. Riekert	Me. R. King	K16
Me. W. Lourens	Me. R. King	K16
Me. R. Koekemoer	Me. R. Vermeulen	K3
Mnr. H. Riekert	Me. R. King	K16
Me. S. Barnard	Mnr. E. Step	K17